NG Kerk Jacobsdal

079 507 2212
ngjacobsdal@gmail.com

# Standpunte i.v.m. die Algemene Sinode 2023 se besluite

*14 November 2023*

Ons as kerkraad neem kennis van die wye verskeidenheid besluite wat geneem was tydens die sitting van die Algemene Sinode in Oktober 2023. Ons as NG Gemeente Jacobsdal is ten volle kerk, *ecclesia completa*. Geen besluit van die Algemene Sinode sal op ons as kerkraad en gemeente afgedwing word nie. Ons antwoord soos volg oor selfdegeslagverbintenisse en aborsie.

1. Ons standpunt oor die huwelik:

   1.1 Dit is 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou, 'n Godgegewe veilige ruimte is waarin die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom;

   1.2 Ons verwerp alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit;

   1.3 Enige leraar van die NG Gemeente Jacobsdal mag nie selfdegeslagverbintenisse bevestig nie;

   1.4 Ons sal 'n pastorale pad stap saam enige lidmaat wat die behoefte het

2. Ons standpunt oor aborsie:

   2.1 Alle lewens is belangrik en deur God geskape.

   2.2 Ons verwerp enige goedkeuring van aborsie en distansieer ons van enige toekomstige uitsprake van die Algemene Sinode wat aborsie positief wil verwoord.

*Hanta De Wet*
*Voorsitter van Kerkraad*

*Ds. HHS (Mias) Nortier*
*Leraar*

*Bogenoemde standpunt geformuleer tydens die Kerkraadsvergadering van 14 November 2023 om 18:00 in die kerksaal.*